Doop: Lewenslange waarborg

Gen 15;17 Gal 3 en Kol 2

Inleiding

- Baie mense verskil oor die doop.
  - Grootdoop, kleindoop, weerdoop.
  - Meeste van ons is al hierdeur geraak
    - Self, vriende, familie.
  - Doopstryery het ook al gemaak dat vriende vyande word

- Mens begin dalk wonder... *Wil* God misverstaan word?

- Nou, die moeilikheid begin dikwels wanneer mense mekaar met versies begin bestook...
  - Maar dalk sal die versies beter sin maak
  - as ons net eers 'n tree terug staan om die breë lyne van die Bybel te bekyk.
  - na God se groter prentjie probeer kyk.

- Kom kyk vanoggend daarom na
  - Die besnydenis in die OT
  - Wat die NT sê oor die besnydenis en doop
  - En wat dit beteken vir die kinderdoop en weerdoop.

Die besnydenis (Gen 15 & 17)

- God het in die Ou Testament (OT)
  - 'n ooreenkoms met Abraham en sy mense aangegaan.
    - Hy sal 'n God vir Abraham wees,

        - en Abraham en sy nageslag sal dan weer sy volk wees.
    - Om hierdie verhouding wat God vir hulle belowe het te laat werk
    - moes die mense een ding doen:
        - in God glo en Hom vertrou.

- Daarom sê Galasiërs 3:7:" *6So was dit ook met Abraham: "Hy het in God geglo, en God het hom vrygespreek." [a] 7Julle sien dus dat dié wat glo, kinders van Abraham is.*

- Ek dink min mense besef dit regtig
    - maar geloof was dus in die OT al die aktiverende bestanddeel
        - vir 'n spesiale verhouding met God
        - wat lewe gee.
    - Lees ook Hebreërs 11 oor die geloofshelde.

- Nou, vir almal wat deel geword het
    - van hierdie mense wat 'n spesiale verhouding met God het,
    - en die kindertjies wat vir daardie mense gebore is,
        - wou God ook 'n sienbare teken gee.
        - Dit was die besnydenis van die manlike volwassenes en kindertjies.
            - Die vrouens is as deel van die mans gesien.

- Hierdie 'teken' was van God af vir die mens gegee.
    - En was bedoel om hulle te laat dink aan God se lewenslange waarborg
        - dat hulle deur geloof en vertroue syne word.

[a] Vgl. Gen. 15:6

- Dit was nie iets wat die Israeliete vir God moes gedoen het nie.

- Hierdie is baie belangrik!
  - Die besnydenis was ‘n boodskap van God aan die mense,
    - nie van die mense aan God nie.
  - En hierdie teken het hulle ook nie God s’n gemaak op een of ander tower manier nie.

- Daarom is daar ook baie voorbeelde waar Israeliete wat besny was
  - nie regtig sy kinders was nie en nie gered is nie.
  - Veral as ons dink aan van die konings wat ander gode aanbid het en nie net in die God van Israel geglo en vertou het nie.

  - Die besnydenis self was nie ‘n kaartjie hemel toe nie,
    - dit het wel vertel van die kaartjie hemel toe:
      - ‘n hartsband van geloof en vertroue in God.

- Dit is baie basies
  - hoe God se verbintenis/verbond tot die Israeliete
  - en die teken daarvan gewerk het in die Ou Testament:

- lewenslange waarborg (belofte) /commitment / verbintenis
  - Van God af aan mense
  - om hulle te herinner/verseker
  - oor ‘n geloofsverhouding met Hom wat lewe gee.

Die doop (Kol 2 & Gal 3)

- Maar hierdie pad wat God met mense op aarde stap
    - Is amper soos 'n roos wat toe was in die Ou Testament en nou oopgaan in die Nuwe Testament.
        - Dis nog dieselfde roos, maar ons sien en verstaan nou soveel meer – ons kan amper binne-in kyk.

    - Dieselfde pad wat God gestap het met Israel om sy koninkryk neer te sit op aarde
        - moes nog groter en wyer word as net met die Israeliete.

- Hiervoor het Jesus Christus as't ware in die middel van die roos sigbaar geword soos die roos opgevou het,
    - en dit was presies in dieselfde lyn met God se belofte aan Abraham oor redding deur geloof vir alle nasies...
    - Dieselfde plan, groter strategie.
        - Die selfde roos... maar oop!

- En Jesus het toe kort voor sy hemelvaart
    - 'n nuwe teken gegee vir mense wat deel sou word van sy koninkryk.

    - Dit was 'n beter en voller teken as wat die Israeliete gehad het in die besnydenis.
        - Die besnydenis het verwys na bloed wat moes loop in die toekoms

        - Die water van die doop kyk terug na hoe skoon daardie bloed gewas het
    - ‘n simbool wat die mense wat dit kry sou help om maklik te verstaan wat Jesus Christus se bloed vir hulle harte doen.

- Ons sien hoe Jesus eintlik dieselfde doen
    - as Hy die Paasfees van die Israeliete in die Ou Testament vat
        - en met die nagmaal vervang.
    - Die lam en Paasfees van Egipte het vorentoe gekyk na die ware lam, nagmaal kyk agtertoe.
    - Hy vat iets wat al lank bestaan
        - Vou dit oop, en help dit om nou uiteindelik sy egte volle betekenis te kry.

- Daarom lees ons ook in Kolossense 2:11,12 dat die doop doen wat die besnydenis altyd gedoen het (OAV):

- *11 [Jesus] in wie julle ook besny is met ’n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus,*
- *12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.*

- Paulus praat met die gelowiges en sê basies:
    - Luister man, Jesus Christus het julle besny
    - dit gebeur by die doop

- waarin julle ook lewe kry deur geloof in die werking van God...

- Sien mooi raak:
  - besny of doop...
    - Hý doen dit in wese
    - Dit gee lewe.... deur geloof
    - lewe kom deur geloof in die werking van God.

- Die roos is oop!:
  - Om iemand met water te was,
    - was nou die nuwe buitekant simbool
      - van wat eintlik deur God se Gees
      - binne in 'n mens se hart gedoen word
    - wanneer iemand in geloof na God toe draai.

  - Hierdie simbool van 'mense natmaak met water' was soos 'n bordjie langs die pad
    - wat jou vertel daar is 'n hobbel in die pad.
    - Die bordjie is nie self die hobbel nie, dit vertel net daarvan.
  - Die water buite doen nie die ding gedoen nie,
    - geloof binne is die geheim.

- En daarom, net soos met die besnydenis in die OT ook gebeur het,
  - kan 'n mens die simbool van die doop sien en selfs kry,
    - sonder dat daar regtig iets in jou hart gebeur het.

- Ons kan maar net dink aan soveel mense wat ons ken

- wat gedoop is maar sonder God lewe en doodgaan.
- Want onthou... die aktiewe bestanddeel bly nog steeds geloof en vertroue.

- Voordat ons verder gesels
  - oor die kinderdoop en die grootdoop
  - moet ons hierdie een punt goed saamvat oor die besnydenis én die doop:

  - Dit is 'n 'van bo-af ondertoe' belofte.
  - Nie 'n 'van onder-af boontoe' belofte nie.

  - Maw, dit is God wat mense iets belowe en verduidelik met hierdie tekens,
    - nie ons wat vir God iets belowe en verduidelik nie.

Die kinderdoop (die logika)

- En dis belangrik want mense wat teen die kinderdoop is
  - redeneer gewoonlik van onder af boontoe.

  - As jy die doop sien as 'n tipe openbare belydenis van geloof wat 'n mens vir God doen as jy tot geloof kom,
    - Asof jy daarmee sê: 'God, hier is ek, ek glo!'

  - ...is dit baie logies dat 'n baba dit nie kan doen nie.
  - En nog minder kan ons dit aanvaar dat sy pa en ma sommer namens hom glo.

- So, wat gebeur dan as ‘n babatjie gedoop word?
  - Iets van bo-af ondertoe.
  - Dieselfde wat sou gebeur het
    - met ‘n volwassene wat gister tot geloof gekom het en nou sou gedoop word –

  - Dit: God waarborg duidelik
    - met hierdie simbool van water buite op ‘n mens se lyf
    - hoe dinge binnekant werk:
      - ‘n nuwe skoongewasde siel
      - deur die Heilige Gees
      - vir elkeen wat glo.

- ‘n Baba wat gedoop word, word nie gered nie,
  - maar as baba van gelowige ouers
  - het die baba die voorreg om
    - vandag al gewaarborg te word van redding as hy/sy sou glo en die wonderlike God wat dit gee.
    - En groot te word in ‘n huis-atmosfeer waar dit gelewe word.

- En daarom,
  - Is die ouers na die besnydenis in die Ou Testament ook beveel om vir hulle kinders van lewe deur geloof in God te vertel [Deut 6]
  - En kry ouers wat ‘n baba doop vandag die opdrag om,
    - vir hulle kinders van lewe deur geloof in God te vertel

- ‘n Geloof wat die kind nog eendag self sal moet bely.

- Maar wanneer hy gaan twyfel, soos ons ook soms,
- kan hy steeds terugkyk na sy doop as baba en onthou dat God belowe het:
  - 'deur geloof geld my skoonwas vir jou.'

- As jy van onder-af op redeneer, dat doop iets is wat jy vir God doen,
  - Sal die kinderdoop dus nooit vir jou sin kan maak nie.

  - Maar as jy op 'n afstand die Bybelse lyn volg soos die roos oopvou
  - en raaksien dat die tekens [verduidelikings] van die verbond 'n 'van bo af ondertoe' belofte is,
  - is dit seker nog een van die wonderlikste maniere om die evangelie van God te hoor:

- Want,
  - nog voor 'n baba sy lewe kan volmaak met reg of verkeerd,
    - was hy al weens erfsonde dood,
  - ...maar nog voor hy sy lewe kan volmaak met reg of verkeerd,
    - is die lewenslange waarborg van God se genade deur geloof al klaar daar...
      - gee nie om hoe die baba eendag gaan lewe nie
    - en dit bly daar,
    - en hy hoef maar net eenkeer daaraan vas te gryp in geloof! (HK Son 23)

Die grootdoop

- Grootdoop is wonderlik!
  - Ek wens dit kon meer gebeur...
    - omdat ons heeltemal 'fine' is met grootdoop.
  - Die grootdoop word bedien aan mense
    - wat pas tot geloof gekom het
    - en nog nooit God se lewenslange waarborg van die genoeg-wees in die doop ontvang het as kind nie.

- So kom ons praat eerder oor 'weerdoop'.
  - Maar, in die lig van alles wat nou gesê is
  - ...maak 'weerdoop' al klaar nie vir my sin nie.

- Ek het al daarmee te doen gehad
  - en het baie empatie met hoekom mense hulleself weer wil laat doop.
  - Dit gebeur in die meeste gevalle
    - wanneer iemand voel dat hulle as kind gedoop is
    - maar nooit self regtig 'n lewendige verhouding met God gehad het nie.
    - Wanneer hulle later wel God se genade in Christus smaak,
    - voel hulle asof hulle vir die eerste keer geestelik lewe
    - en wil dan gedoop word.
    - Hulle voel iemand anders het as kind namens hulle 'n besluit gemaak...
    - en hulle wil dit nou self doen.

- Maar hoekom dit nie vir my sin maak nie
  - is omdat die doop mos in sy wese 'n 'van bo af ondertoe' ding is.

        - Dit is iets wat God vir ons waarborg en verduidelik oor wat Hý doen,
            - Hy praat.
        - nie iets wat ons vir God doen om vir hom te verduidelik hoe lief ons vir Hom is nie.
            - Nie ek praat nie

    - Wie weet, dit is waarskynlik ***juis*** vanweë
        - God se belofte by die persoon se doop as kind,
        - sy ouers se werk,
        - en jare se leiding deur die Heilige Gees
            - dat geloof nou opskiet in die persoon se hart.

- 'Weerdoop' maak in die lig van die hele Bybel nie vir my sin nie

        - Staan eerder op in jou kerk en lewer 'n persoonlike getuienis van hoe dit wat God in die doop belowe vir jou 'n werklikheid geword het
        - Skryf 'n briefie vir jou kerkblaadjie.
        - Bely jou geloof voor jou gesin en sê jammer vir jou gedrag voor die tyd.

Slot

- Doopouers en alle gedooptes hier!
- Die doop is daarom
    - 'n 'van bo af' belofte van God Almagtig
    - en dus 'n lewenslange eenmalige waarborg
        - wat altyd bly staan
        - en bly verduidelik

- en nie regtig herhaal hoef te word nie.

- Hiérdie lewenslange eenmalige waarborg ís goeie nuus!!

- Mag ons nooit vasval of verdwaal in tegniese sake oor die doop
  - wat God bedoel het om eintlik komplekse dinge
  - vir ons makliker verstaanbaar te maak nie.

- Die doop red niemand nie.
  - Nie 'n volwassene nie, nie 'n kind nie.

  - Maar God red.
    - En Hy was vuil mense wat glo skoon uit genade...
    - en dit is wat God in die doop waarborg,

- Baie mense verskil hieroor.
  - Grootdoop, kleindoop, weerdoop.
  - Meeste van ons is al hierdeur geraak.

- Maar as ons net God se genade in Chirstus agter als sal raaksien is al wat ek wens is
  - dat meeste van ons regtig deur die doop geraak word...

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
11 September 2016